NUUSBRIEF VAN DIE HOUTWERKVERENIGING VAN PRETORIA

tambotie

NEWSLETTER OF THE WOODWORKING ASSOCIATION OF PRETORIA

Maart 2008 March 2008

Redaksioneel

Dit lyk asof ons nou weer volstoom aan die werk is. Die komitee het ‘n mooi geslaagde byeenkoms vir 27 Februarie gereel, en ook bekend gemaak hoe hulle beplan om die res van die jaar te werk te gaan. Ek glo dat, met ons almal se heelhartige samewerking, hierdie jaar sommer heelwat belofte inhou!

Ek het toe mos weer een van die Garrett Wade katalogusse in die hande gekry. Dit is net soos die ou model ‘n baie lekker geskriffie om te lees/ te bekyk. Die nuwe is heelwat dunner as die vorige een, maar daar is heelwat nuwe gereedskapstukke wat ek nog nie voorheen gesien het nie. Dit is duidelik dat daar oor die wêreld heen steeds mense is wat houtwerk doen en in die proses poog om werk makliker en beter te doen. Hierdie artikels sal seker ook eersdaags hier by ons algemeen raak indien dit nie al reeds beskikbaar is nie.

As een van diegene wat lank reeds betrokke is by projek plank en wat daarmee te paard gaan, wil ek tog maar ‘n beroep op al ons lede doen om deel te neem sodat ons met die nuwe inisiatief van die komitee kan slaag om werklike groot deelname te verseker. **KYK VERDERAAN WAT DIT HIERDIE JAAR BEHELS.**

Programme for March

- **9 March, at 10h00 : Cabinet makers will meet at Andreas Swart’s, 250 Russel Street, Rietondale. (082 772 5810) Sharpening of tools- practical.**
- **Wednesday, 19 March at 18h00: The turners will have their meeting at the workshop of Andrew Bourke, 30 van Ryneveld Avenue, Pierre van Ryneveld.**
- **Wednesday, 26 March a 18h00: Normal monthly meet at the Botany Department of the University of Pretoria. The making and installing of kitchen cabinets will be discussed/ demonstrated.**

Vorige maandvergadering

Tydens ons vorige vergadering het die komitee ons so ‘n klein kykie in hul visie vir die komende jaar gegee. Dit is duidelik dat hulle poog om die dinge deur die loop van die jaar interessant te maak. Projek plank het weer eens ter sprake gekom en na so ‘n bietjie rondskoppery is besluit om tog maar voort te gaan met die voorstel van die komiteee. Die voorstel en besluit behels dat ons hierdie jaar ‘n juwele kissie en/of ‘n spesseryerakkie vir projek plank moet maak. Ten einde die lewensvatbaarheid van sodanige poging vooraf te bepaal, het ons by die vergadering beloftes van 14 lede gekry dat hulle wel sal deelneem. Almal moet egter kennis neem dat hierdie voorneme van die 14 lede nie beteken dat dit nou vir die res van ons gesluit is nie! Almal kan (en moet?) verkieslik deelneem. Daar is groot pryse te wen en jy het geen beperking wat opgelê is oor die vorm, grootte, houtsoort, afwerking of wat ookal nie. Jy kan self bepaal hoe die item wat jy gaan maak moet lyk. (**Dit kan egter van jou verwag word om te bewys dat ‘n mens juwele of**

speserye in jou produk kan plaas, hetsy vir vertoon of vir bewaring!)

After the initial discussions, the turners gave a quick review of their history. This sub-group was started about 10 years ago under the leadership of At Smit. Later on the captaincy went to Roger Courtney who on his turn passed it to the present leader, Willie de Wet.

At present, this group has 30 active members. At the meetings we have a constant attendance of 20 or more members. Some of these members are also members of the **Association of Woodturners of South Africa (AWSA).** The AWSA is a nation wide body with chapters in Pretoria, Johannesburg, Pietermaritzburg, Port Elizabeth, Knysna and Cape Town. Some of the aims of the association is to bring turners of South Africa together, to lift the general standards of turners by means of giving them exposure to renowned international turners, and in general to foster an interest in turning in general. The association holds an annual congress, where the venue is moved around the country so as to reach a wider group of people. (This year the congress will be held in Pietermaritzburg.) At present about 12 of the Pretoria turners have indicated that they will attend congress this year. At this congress the turners in attendance can rub shoulders with one of the big names of the turning world.

The Pretoria turners meet once a month, at the workshop of one of the members. At these meetings "homework" for the coming month is assigned. After the general administrative aspects have been dealt with, the homework of the previous month is discussed and criticised. Each member gets a chance to tell how he went about the task, what problems he experienced and how he solved these. The ***experts*** within the group give advice and criticism, as required.

It is very encouraging to see and experience the progress of the members of this group. It is clear that a lot of experience was gained and that some of our members can stand up in any crowd of turners, no matter where in this world!

Behalwe vir die bogenoemde aktiwiteite, is die draaiers ook betrokke by die Johannesburgse klub, deur besoeke ens. Dan doen van ons lede ook draai demonstrasies by ander instansies soos byvoorbeeld by die HobbyX (wat 'n jaarlikse instelling is. Die volgende een vind plaas 6-9 Maart 2008) Ons het ook deelgeneem by die 50/Plus uitstalling in Oktober 2007 asook by ander minder prominente geleenthede.

Na die inleiding, deur Willie de Wet, het sommige van die draaiers, wat gereeld met inoverende draaistukke vorendag kom, die geleentheid gekry om aan die vergadering te verduidelik wat hulle gemaak het en hoe hulle dit doen. Volgens die ouens se aanbiedings is dit heel eenvoudig, dog die reaksie van ons ander het laat blyk dat ons groot waardering het vir dit wat hulle doen.

Eerstens het David Malan verduidelik hoe hy te werk gaan om sy indrukwekkende gesegmenteerde draaiwerk te doen. Dit is duidelik dat 'n man bereid moet wees om te **werk** as jy hierdie tipe draaiwerk wil doen.

David verduidelik hoe maklik dit eintlik is, terwyl Willie se glimlag wys dat andere moontlik gaan sukkel!

David het ook gewys/verduidelik hoe om gate en proppe met 'n verdiepskaaf te sny sodat hulle mooi inmekaar kan pas. Hy het ook verduidelik hoe die apparaat wat hy gemaak het om diep bakke akkuraat uit te hol werk. (Op die foto hierbo staan die apparaat ter sprake voor Willie de Wet)

Andrew Bourke, one of our newer members in the turning group, hereafter gave a short talk on what has become his speciality, namely to embellish turned pieces by means of carving, using a variety of methods including Dremel type cutting and carving. Andrew has really developed as one of the trend setters in a fairly short time.

Andrew explaining his techniques.

Like David Malan, Andrew uses the internet extensively to get new ideas, that he incorporates in his own work. He uses tungsten carbide tips from jewelers'shops as well as dentists' drill bits from dentist friends.

Hierna het Leon Langenhoven 'n baie insiggewende aanbieding gehad oor die maak van gereedskap vir die draaibank om spesifieke take te kan verrig asook om die ordinêre dinge mee te doen sonder om 'n fortuin te spandeer. Hy het verskeie beitels getoon wat van skokbrekers, krukpenne (gudgeon pins), gereedskapstaal en nog wat gemaak is. Dit is duidelik dat Leon nie onnodig geld bestee aan goed wat hyself kan maak nie.

Leon met sommige van sy produkte. Die maak hiervan is deel van die genot uit wat hy uit draaiwerk put.

At Smit het hierna die een en ander te sê gehad oor krompassers (calipers) wat 'n mens kan maak om die dikte van bakke se wande akkuraat te kan bepaal. Hy het toe voort gegaan om op die draaibank te demonstreer hoe om spil-draaiwerk te doen. Hy het ook gewys wat die praktiese gebruike van draaiwerk is bydie maak van meubels, bv. Gesplete draaiwerk (split turning). Hoe om pote te draai en natuurlik die gebruik van die verskillende beitels om spil-draaiwerk mee te kan maak. Hier was die logiese aspekte, soos hoe om saam met die grein te sny, en hoe om skuurwerk, wat die skerpheid van draaiwerk vernietig, te beperk.

At demonstreer hoe om 'n kraallys (bead) en 'n hollys (cove) te draai.

Apart from the obove mentioned presentations, Jack Munting also gave a short talk on the encapsulation of various interesting articles like seedpods, grasses, leaves etc. in resins, that he uses to enhance his turned work. The results that he has obtained so far is excellent, although he claims that he is still experimenting. I suppose one will always be experimenting when you strive to reach better results all the time, and that seems to be the aim of a lot of our members who are establishing themselves with unique styles and forms. It is becoming increasingly easy to identify certain members' work by the workmanship, finishing, and style that they have established for themselves.

Die hele aanbieding deur die draaiers het baie byval gevind, en dit word vertrou dat ons lede meer gebruik sal maak van draaiwerk en dat sommige wat nie reeds lid van die draaiers is nie dit sal

oorweeg om na die byeenkomste te kom. Die byeenkomste is alternatiewelik op die tweede laaste Woensdag van die maand, of op die oggend van die tweede Saterdag. Hou die ***Tambotie*** dop vir besonderhede.

Die volgende maandvergadering is weer by die universiteit. Die aand sal hoofsaaklik gewy word aan die maak en installeer van kombuiskaste. Dit kan moontlik help vir diegene wat 'n vernuwing van 'n bestaande kombuis oorweeg.

Turners' corner

With this month's meeting having had turning as a theme, it is difficult to carry on with turning as a subject by itself and still get everyone's attention. I hope that what follows will be of interest to the turners at least.

We will start off with At Smit's latest acquisition, which makes for very interesting reading.

'Oliver No 21' Pattern makers lathe

This American built lathe was made in 1952, and imported for the SA Railways by D. Drury &Co Ltd, the sole agents at the time. It was used in Natal and later brought to Pretoria, where it was sold on tender to Leon Langenhoven from whom I bought it in turn.

The unusual aspect of this lathe is that the headstock, the tailstock and the bed are all mounted separately on a 100 m thick cast iron base plate. This base plate has T-slots machined in it so that the tailstock and bed can be moved and fixed at different positions on the base plate, thereby making it very versatile.

Some interesting statistics follow:

Total length:3,6 meters.

Total weight:±3 500 Kg.

Centre height inboard: 1170 mm

Centre height outboard: 1270 mm.

Distance between centres: 2 meters.

It is thus possible to turn a ball with a 2 meter diameter.

The 5 hp, 3 phase motor has 2 speeds; 480 and 960 rpm. The motor and the motor mounting plate weighs 360 Kg.

Through a system of flat pulleys the 2-speed motor provides 16 spindle speeds from 70 rpm. to 1340 rpm.

The 900 mm. long spindle is mounted in taper roller bearings. The spindle nose is 2¼ inch or 57 mm. diameter with a 5 tpi. thread and a no 4 Morse taper.

The hole through the spindle is 22 mm.

Faceplates can be mounted inboard or outboard. I presently have two faceplates for outboard mounting, i.e.

760 mm diameter – 52 Kg.

965 mm. diameter - ±115 Kg

Tailstock: The tailstock is mounted on a column which may be adjusted to and from the headstock by means of the T-slots in the base plate. The tailstock has a lateral movement of 230 mm on the tailstock base column and the 76 mm quill can be wound out a further 250 mm. The auto eject quill is bored for no 4 Morse taper.

Bed and carriage : the unique feature of this lathe is that the bed (1450mm long) is not attached to the headstock assembly. It is mounted on a moveable column that can be positioned as far as 1,2 meter away from the centre line between the head- and tailstock. The bed also pivots through 360º on the centre column. The bed is fitted with a moveable carriage, which in turn carries a cross slide with 300 mm travel and a graduated top slide with a 150 mm travel.

This compound top slide can be substituted with a socket that will accept the standard tool rest for freehand turning. An accessory which I do not have is a separate banjo for mounting the tool

rest. The centre height above the bed is 300 mm. I also have a 3 legged freestanding column for outboard turning, which can also be inboard if required.

I am a very proud owner of this rather unusual lathe. The only drawback of this old machine is that it's motor still requires the old type electricity to function optimally. I have to contact Escom 3 hrs before I use it to place a special order for them to generate some of that old electric power for me. The good news is that this old type of electricity can be generated with wet charcoal (nuclear- and wind power not compatible.) I am looking for a steam engine in case Escom loses 'capacity' to generate power for my beloved Oliver No 21 lathe- please keep an eye open and let me know if you come across one.

At Smit

On Saturday, 2 March, I had the opportunity to watch when At first started this behemoth with a piece of wood worthy of it's size (not yet 2 meters in diameter, but very big, never the less). I want to tell you that it is awesome to see what this machine is capable off.

A 83 Kg Fever tree blank being rounded off. A sketch of the bowl envisaged is on the white board behind the lathe.

Turners' meeting February

This was the first Saturday morning meet of the turners. At this meet we finalised the program for the members who will be turning at this year's Hobby X, discussed the attendance of the congress in Pietermaritzburg and then went over the previous month's homework. Again some exceptional pieces were on display:

One of our beginners turned this *"spiked star in a cube"*. Not bad for a novice! (I lost my notes and unfortunately do not know the name of the turner who did this. Shows you how new he is!- Editor)

Another Andrew Bourke item.

Baie aksie en lewendige deelname by een van die drie draaibanke waarop ons die Saterdag deurgebring het.

Hierdie was so ‘n groot sukses dat ons almal oortuig is dat ons voortaan met hierdie formaat, nl elke tweede keer op ‘n Saterdag, sal volhou.

Die volgende draaiersvergadering vind plaas op Woensdag, 19 Maart, om 18h00 by die werkwinkel van Andrew Bourke. Die adres is: Van Ryneveld-laan 30, Pierre van Ryneveld. (012 662 1474)

Die huiswerk is as volg:

Beginners	Intermediêr	Gevorderd
Houtvrugte/eiers/bal /snyplank/eie keuse	“Involuted turning”/bak-kie met deksel in die vorm van ‘n vrug	“Multi centered bowl”/Round bottomed box

Die Voorsitter se deel

Na twee jaar as Voorsitter het At Smit besluit om uit te tree. Ons dank aan hom vir sy groot bydrae ten spyte van al die ander dinge waarmee hy besig is.

Die nuwe Voorsitter weet steeds nie mooi hoe die verkiesing plaasgevind het waar hy skielik tot sy skok agter gekom het dat hy nou Voorsitter is nie. Hy herstel steeds van die skok maar het onderneem om sy bes te doen.

Francois van Wyk is die enigste nuwe lid op die Bestuur en is ook as Sekretaris verkies wat beteken dat 80% van die Bestuur dieselfde gebly het, wat insluit Wille de Wet as Ondervoorsitter en Dries du Toit as Tesourier. Die twee nuwes kan dus na die ander lede van die Bestuur kyk vir leiding.

Wat nogal opgeval het met die Algemene Jaarvergadering in Januarie 2008 was dat daar slegs 37 lede teenwoordig was. By die volgende vergadering in Februarie was daar meer as 60 lede en besoekers. Hoekom ?. Dit gebeur elke jaar en die afleiding kan gemaak word dat lede nie graag op die Bestuur verkies wil word nie. Ons laat dit maar oor aan lede om self te besluit wat die rede is.

The new (old) management has already met twice and is actively working on the programme for the rest of the year. The venues for the October exhibition and the year end function have already been booked and members will receive further information nearer to the dates of those functions. However, it would be wise even at this early stage to start thinking and working towards your contribution for the exhibition. Remember, no contribution is to small or to “novice like” (such as mine).

Another matter that must be finalised before the end of March is the annual subscription. At the last count not even half of the members were paid up for 2008. Please pay as soon as possible.

The annual subscription is only R180,00. If we exclude January and bearing in mind that we do not meet in December that leaves about 10 meetings for the year which means R18,00 per meeting. Surely that is not too much. Upon leaving each and every meeting during the past years I have been amazed by the wealth of new information I could take with me. Go to any woodworking course, be it for a few hours or a few days, and the cost will be anything from R200,00 to R4000,00 and more.

Met eke vergadering tot dusver was ek ook verstom oor die kollektiewe kennis en vaardighede wat daar teenwoordig was. Daarbenewens is die lede gretig om hulle kennis te deel en selfs lede wat al jare lid is noem gereeld dat hulle iets geleer het. Lidmaatskap van die Houtwerkvereniging van Pretoria bly altyd ‘n winskopie.

Dit was ook ‘n voorstel van ‘n lid dat die Houtwerkvereniging sy eie webblad moet skep en die Bestuur werk aktief daaraan. Binne die

volgende weke sal lede so ‘n blad op die internet kan opsoek.

Anton Lourens

(***Ek en die voorsitter se kommunikasie was hierdie maand nog nie mooi uitgestryk nie. Toe ek sy stukkie ontvang het was my dokument reeds feitlik voltooi. Ek wou nie weer sukkel met die uitleg nie, dus is dit maar aan die einde ingevoeg.. Redakteur)***

Meubelmakers

Die beplande besoek aan die deure fabriek het toe nie plaasgevind nie omdat die fabriekshoof nie buitestaanders in sy fabriek wou toelaat nie.

Verlede jaar het die meubelmakers ’n baie suksesvolle jaar beleef. Met die laaste byeenkoms het ons die jaar se aktiwiteite en behoeftes beoordeel en daarvolgens ’n program vir 2008 opgestel. ’n Groot behoefte vir opleiding in sekere tegnieke is geïdentifiseer. Dus is besluit om opleiding in te bring in die program vir 2008. Die opleiding behels die maak van ’n twee trap sitbankie (step stool) met ’n laai of twee. Dit gee die geleentheid om ’n paar tegnieke te leer en toe te pas. Die item sal min hout verg en ’n heel handige trappie wees om bo by te kom in die werkswinkel. Die voorlopige ontwerp is gedoen en aan die meubelmakers gestuur vir kommentaar. Die ontwerp is sodanig dat dat ruimte is om ’n eie identiteit in die item in te bou. Elkeen sal verantwoordelik wees vir sy eie hout. Die gedagte is dat die item in drie sessies gemaak word. By hierdie maand se byeenkoms sal die ontwerp gefinaliseer word. Indien jy belang sou stel om die opleidingsessies mee te maak sal dit die moeite werd wees om hierdie maand se byeenkoms van die meubelmakers by te woon.

Soos in die verlede is die byeenkomste op die tweede Saterdag van die maand tussen 09:00 en 11:00. Die plek van byeenkoms gaan by verskillende lede van die meubelmakers gehou word op ’n afwissellende basis. Die onderwerp vir Maart 2008 is die slyp en skerpmaak van gereedskap – wat ’n praktiese sessie gaan wees. Tydens die byeenkoms sal die ontwerp vir die opleidingsessie gefinaliseer word asook die formaat van die opleiding. Die datum vir Maart se byeenkoms is 8 Maart 2008, by Andreas Swart, Russelstraat 250, Rietondale (Tel: 082 772 5810).

Let op dat die byeenkoms van 10:00 tot 12:00 sal wees en direk daarna hou ons ’n bring en braai. Andreas sal die vuur voorsien en elkeen bring sy eie vleis en drinkgoed.

Die program vir 2008 word in die onderstaande tabel getoon.

MAAND	DAG	TYD	ONDERWERP
Maart	8ste	10:00	Slyp en skerpmaak van gereedskap
April	12de	09:00	Opleidingsessie 1
Mei	10de	09:00	Opleidingsessie 2
Junie	*	*	Besoek aan meubelfabriek
Julie	12de	09:00	Opleidingsessie 3
Augustus	9de	09:00	Basiese elektrisiteit
September	13de	09:00	“Banding”
Oktober	11de	09:00	Stoom buig van hout
November	8ste	09:00	Oorsig en beplanning vir 2009

Nota: * = sal later bekend gemaak word.

Enige lid van die Vereniging is meer as welkom om die Meubelmakers se byeenkomste by te woon. Laat gaan asseblief jul gedagtes oor die onderwerpe gaan en bring jul idees, wenke, ens na die byeenkomste sodat ons in die proses mekaar kan leer en help om ons kennis, vernuf en vaardighede uit te brei.

Danie Venter

Nuwe of snaakse gereedskap

In die nuutste ***Garret Wade*** katalogus, het ek op ‘n paar items afgekom wat my aandag getrek het. Hier is een item soos hulle dit aanbied.

Positioning Square ensures accurate & reliable square cabinet sections. Getting cabinet carcass work square in the assembly process is one of the most critical steps in woodworking. A half a degree out can spoil your day for sure. A decent square can get the sections set up, *but it cannot guarantee that the sections will remain square during clamping and glue-up.* This tool will do that –guaranteed. Made of 3/16" thick rolled aluminium which is CNC machined to within 0.002" at the end of 6" legs (*this is greater accuracy than an Engineer's square*.) --- Four sections come with each kit.



(Apart from this clamp, they also advertise a variety of interesting and efficient looking clamps. Editor)

Kennisgewing

Ek sukkel nog steeds met die rekenaar. Dit is nou my speltoetser wat steeds nie werk nie. Ek het op die ou manier geproeflees. Hoop nie ek het te veel foutjies gemis nie.

Ter afsluiting

Die kabinetmakers se vergadering van hierdie maand, hanteer seker een van die belangrikste aspekte van goeie houtwerk, naamlik die slyp van gereedskap. Dit beteken inderwaarheid skerp gereedskap. Ek weet nie of hierdie ***Tambotie*** die slakpos-manne betyds sal bereik nie, maar ek wil aanbeveel dat julle tog maar sal poog om die vergadering by te woon. Dit is 'n stryd om met stomp gereedskap houtwerk te wil doen en 'n plesier met skerpes.

Lidmaatskap fooie

Betaal asseblief voor 31 Maart 2008. R180

Diegene wie se lidmaatskap nie teen die datum vernuwe is nie se naam sal nie op die nuwe ledelys verskyn nie. Hulle sal ook nie verder ***Tamboties*** ontvang nie.

Die bankbesonderhede is:

- Houtwerkvereniging van Pretoria
- Tak: Lyttelton
- Takkode: 335 045
- Rekeningnommer: 0600176234

of stuur aan die tesourier;

Dries du Toit

Livingstonweg 80, Centurion. (012 664 2399)

Of laat weet hom dat jy wel die geld inbetaal het.

Of betaal by die volgende vergadering aan Dries direk.

Onthou tog maar om vir Dries te laat weet van die inbetaling, elektronies of andersins, sodat jy behoorlik geïdentifiseer kan wees.

Nou het niemand 'n verskoning dat hy nie geweet het hoe, of waar, hy kan betaal nie.

REDAKSIONEEL

Redakteur: Louw Trichardt

Adres: Bus 50606, Wierdapark,0149

Telefoon: 012 653 1874

E-pos: louwmarie@icon.co.za